# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 230 · 16 APRIL 2021**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za


## FRAMESBY SE TROTS

**Nege Framesby atlete het die OP-Atletiekspan by die ASA-Atletiekbyeenkoms in die Paarl vanaf 7 – 10 April verteenwoordig.**

Uitslae is soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| - Zander van Eyk | Paalspring | Seuns o/18 | 4de plek ( 4,00m ) |
| - Zanri Black | 400m H | Dogters o/18 | 5de plek ( 63.96 s ) |
| - Jana Terblanche | Hamergooi | Dogters o/18 | 16de plek ( 39,42m ) |
| - Gerhard Venter | 2000m H | Seuns o/18 | 6de plek ( 6:54,3 s ) |
| - Anel Strauss | 2000m H | Dogters o/18 | 17de plek ( 8:22,2 s ) |
| - Incke Conradie | 2000m H | Dogters o/18 | 18de plek ( 8:46,7 s ) |
| - Simoné Louw | 1500m H | Dogters o/16 | 6de plek ( 5:51,7 s ) |
| - Jaco Pretorius | Diskus | Seuns o/16 | 21ste plek ( 40,16m ) |
| - Charnleigh Kotze | Gewigstoot | Dogters o/18 | 8ste plek ( 13,71m ) |











HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR

**SUNRIDGE VILLAGE**

SUNRIDGE VILLAGE | Centre Managment: 041 360 9442 | SUNRIDGE VILLAGE | Kragga Kamma Road, Sunridge Park | SUNRIDGE VILLAGE | GENERATED POWER 24/7

## JANA TERBLANCHE



## GERHARD VENTER



## INCKE CONRADIE



## SIMONE LOUW



## CHARNLEIGHT KOTZE



## JACO PRETORIUS



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# MB PAASEIER-PROJEK

Die monitorbestuur het talle glimlagte op die mense van Vistarus Mission Station en die kindertjies van Laerskool Republiek se gesigte gesit (met die paaseierprojek). Die MB's, met 'n bietjie hulp van die paashaas en die samewerking van die hele skool, het altesaam 5 326 paaseiers ingesamel. Die klas wat die meeste paaseiers ingesamel het, was die Graad 12E's. Ons hoop die sjokolade-eiers het 'n hop en 'n bietjie vreugde in hulle paasvieringe gesit.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# TENNIS NUUS:



## RISINGS STARS TENNISTOERNOOI

Vier van Framesby se o/16-seuns speel eerskomende Saterdag in die "Rising Stars"-tennistoernooi by Pearson.

Baie sterkte aan:
Keaton Holm
Chrisstian Viljoen
Emil Viljoen
Jeanré Smook

## KEATON KWALIFISEER VIR GROWTHPOINT JUNIOR NATIONALS

Keaton Holm (Gr.9) is aangewys as een van die top 60 o/16-tennisspelers. Hy het dus gekwalifiseer om aan die Growthpoint Junior Nationals wat vanaf 29 April tot 3 Mei in Bloemfontein gehou word deel te neem.
Baie geluk Keaton!
Ons wens jou alle sterkte toe!!

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY HOKKIE IS AAN DIE BRAND!

Die eerste dogtershokkiespan het op 10 April 'n vriendskaplike wedstryd teen Collegiate gespeel. Al het die dogters die wedstryd nie gewen nie, het hulle hulle harte teen hierdie sterk opponente uitgespeel. Die dogters het inderdaad uithouvermoë gewys. Ons sien baie uit vir hul volgende wedstryd. Knap gedaan , dogters!



DIE EERSTESPAN DOGTERS SE PRAGTIGE NUWE SPORTHEMPIES.

# NUWE WERKSUNIFORM

Ons terreinpersoneel lyk te spoggerig in hul nuwe uniforms!








SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# NETBALBEPALINGS:



**FRAMESBY NETBAL:**

- **Sone proewe** - Framesby vanaf 14:15 – 17:15
  19 April – o/14 & o/15
  20 April – o/16 & o/17
  21 April – o/18

- **Despatch Toernooi** - Despatch
  17 April
  o/14, o/15, o/16, o/18 - A-spanne

- **1ste span vs Madibaz** – Framesby om 18:30
  23 April

**SKOMMELTOERNOOI 2021-program - SATERDAG, 17 APRIL 2021**
**(0/14 A-; 0/15 A-; 0/16 A-; 0/17 A- & 0/18 A-spanne)**

Kom geniet die dag saam met ons – ons besef eintlik nou eers hoe baie ons die saamwees gemis het. Bogenoemde spanne speel op die boonste SKOOLBANE. As gevolg van COVID-19-regulasies word geen toeskouers of ouers langs die bane toegelaat nie - slegs skeidsregters en afrigters.
Bring gazebo's en stoele saam. Daar is oorgenoeg ruimte op die rugbyvelde om sosiale distansiëring toe te pas tydens julle wedstryde. Hamburgers/geroosterde ham-en-kaastoebroodjies en drinkgoed sal by die snoepie te koop wees.

Elke span speel 4 wedstryde van 2 helftes ( elk van 10 minute). Daar sal toebroodjies en iets te drinke vir die afrigters in die snoepie beskikbaar wees.Elke span is verantwoordelik om sy eie skeidsregter te voorsien wat dan die volgende rondte op dieselfde baan skeidsreg. Baie dankie by voorbaat.Geen amptelike tellings gaan gehou word nie, maar julle is welkom om julle eie tellings te hou.
Geen beseringstyd word toegelaat nie - vervang net die beseerde speler dadelik.

Spelers moet asseblief hulle besittings (veral selfone en beursies) veilig bewaar – veral as hulle speel.
Ry asseblief veilig.

NETBALGROETE.
Seugnet Meyer
083 751 2024

| | BAAN 4 | | BAAN 3 | | TYD | BAAN 2 | | BAAN 1 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Despatch 0/16 A | Collegiate 0/16 A | Framesby 0/18 A | Brandwag 0/18 A | 08:00-08:25 | Pearson 0/15 A | Nico Malan 0/15 A | Framesby 0/14 A | Brandwag 0/14 A |
| 2 | Framesby 0/16 A | Brandwag 0/16 A | Despatch 0/18 A | Collegiate 0/18 A | 08:25-08:50 | Despatch 0/15 A | Brandwag 0/15 A | Pearson 0/14 A | Nico Malan 0/14 A |
| 3 | Pearson 0/16 A | Nico Malan 0/16 A | Despatch 0/17 A | Nico Malan 0/18 A | 08:50-09:15 | Framesby 0/15 A | Pearson 0/15 A | Despatch 0/14 A | Collegiate 0/14 A |
| 4 | Framesby 0/16 A | Despatch 0/16 A | Framesby 0/17 A | Collegiate 0/18 A | 09:15-09:40 | Nico Malan 0/15 A | Despatch 0/15 A | Brandwag 0/14 A | Pearson 0/14 A |
| 5 | Nico Malan 0/16 A | Collegiate 0/16 A | Framesby 0/18 A | Despatch 0/18 A | 09:40-10:05 | Framesby 0/15 A | Brandwag 0/15 A | Framesby 0/14 A | Despatch 0/14 A |
| 6 | Brandwag 0/16 A | Pearson 0/16 A | Nico Malan 0/18 A | Brandwag 0/18 A | 10:05-10:30 | Despatch 0/17 A | Collegiate 0/18 A | Nico Malan 0/14 A | Collegiate 0/14 A |
| 7 | Despatch 0/16 A | Nico Malan 0/16 A | Framesby 0/17 A | Despatch 0/18 A | 10:30-10:55 | Despatch 0/15 A | Pearson 0/15 A | Framesby 0/14 A | Pearson 0/14 A |
| 8 | Brandwag 0/16 A | Collegiate 0/16 A | Despatch 0/17 A | Framesby 0/18 A | 10:55-11:20 | Framesby 0/15 A | Nico Malan 0/15 A | Brandwag 0/14 A | Collegiate 0/14 A |
| 9 | Framesby 0/16 A | Pearson 0/16 A | Brandwag 0/18 A | Framesby 0/17 A | 11:20-11:45 | Brandwag 0/15 A | Pearson 0/15 A | Despatch 0/14 A | Nico Malan 0/14 A |
| 10 | Brandwag 0/16 A | Nico Malan 0/16 A | Nico Malan 0/18 A | Framesby 0/18 A | 11:45-12:10 | Despatch 0/15 A | Framesby 0/15 A | Framesby 0/14 A | Collegiate 0/14 A |
| 11 | Framesby 0/16 A | Collegiate 0/16 A | Despatch 0/18 A | Brandwag 0/18 A | 12:10-12:35 | Brandwag 0/15 A | Nico Malan 0/15 A | Brandwag 0/14 A | Nico Malan 0/14 A |
| 12 | Despatch 0/16 A | Pearson 0/16 A | Nico Malan 0/18 A | Collegiate 0/18 A | 12:35-13:00 | Framesby 0/17 A | Despatch 0/17 A | Despatch 0/14 A | Pearson 0/14 A |

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# STUDENTESENTRUM VORDERING:





EINDPRODUK



# INGEBRUIKNEMING: 1 Julie 2021

# RUGBYBEPALINGS EN PROEWEREËLINGS


## Framesby Rugbyproewe:

**Maandag: 19 April**
14:30 – 15:30 **o/14**
16:00 – 17:00 **seniors**

**Dinsdag: 20 April**
14:30 – 15:30 **o/14**
16:00 – 17:00 **o/16**

**Woensdag: 21 April**
14:30 – 15:30 **o/15**
16:00 – 17:00 **seniors**

**Donderdag: 22 April**
14:30 – 15:30 **o/16**
16:00 – 17:00 **o/15**



## Framesby Rugby 2021:

**April:**

| | | |
|---|---|---|
| 19 – 21 | Framesby Proewe 14:30 – 17:00 | |

**Mei:**

| | | |
|---|---|---|
| 8 | Framesby Oefenkamp | - Framesby |
| 15 | Daniël Pienaar | - Framesby |
| 19 | OP-Rugbyproewe Rondte 1 (o/15, o/16, o/18) | - TBC |
| 22 | Marlow | - Marlow |
| 25 | OP-Rugbyproewe Rondte 2 (o/15, o/16, o/18) | - Otto du Plessis |
| 29 | Brandwag | - Framesby |

**Junie:**

| | | |
|---|---|---|
| 5 | Meyer Sauerman ( OP Finale Rondte) | - Gill College |

**Julie**:

| | | |
|---|---|---|
| 3 | Graeme College Rugby Dag (o/16 & 1ste) | - Grahamstad |
| 9 | St. Andrews College | - Framesby |
| 31 | Grey (PE) | - Grey |

**Aug:**

| | | |
|---|---|---|
| 7-9 | Wildeklawer Toernooi: 1ste & A-Spanne | - Kimberley |
| 14 | Outeniqua | - Outeniqua |
| 21 | Nico Malan Interskole | - Framesby |

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# Framesby Fondsinsamelings Komitee (FFK)
# "Drive-through" Potjiekos
# Vrydag, 28 Mei 2021
# R60/ persoon

**Geagte Ouers**

U word hartlik uitgenooi na die Framesby Fondsinsamelings Komitee(FFK) se eerste fondsinsamelingsgeleentheid. Ons wil u aanmoedig om hierdie fondsinsamelingsgeleentheid te ondersteun en saam 'n verskil te maak.

**Moenie uitstel nie - bestel onmiddellik om teleurstelling te voorkom!**



**Neem asb. kennis van die volgende:**

- Weens COVID-19 regulasies is hierdie 'n "drive-through" geleentheid.
- Ons sal u in kennis stel waar presies u die bestelling kan kom afhaal asook van die tydsgleuf.
- Ons verskaf alleenlik voedsel. ***GEEN EETGEREI.***
- Sodra die leerder die bestelvorm en betaling terugneem na die Algemene Kantoor, sal die leerder 'n kaartjie/s ontvang. Hierdie kaartjie moet getoon word wanneer die kos op die dag afgehaal word.
- *Bestelvorms & betalings moet teen Maandag, **10 Mei 2021** na die kantoor gestuur word.* Geen verdere bestellings sal na die afsluitingsdatum aanvaar word nie.

Indien u enige verdere navrae het, kontak gerus, **Belinda Terblanche by 082 7812 876**

Vriendelike groete

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF

BELINDA TERBLANCHE
FFK Voorsitter

## POTJIEKOS BESTELSVORM: VRYDAG, 28 MEI 2021
**(Sluit asb. alle betalings in.)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Van** | | **Naam van Ouer** | | |
| **Naam van Leerder** | | **Kontaknommers** | | |
| **Graad & Seksie** | | **E-posadres** | | |
| **Potjieskos – met groente & rys** | **Aantal kaartjies** | | **Bedrag** | **R** |
| **Metode van betaling** | **SLEGS KONTANT** | | **Totale bedrag ingesluit** | **R** |
| | | | | |

**Admin:**

Datum vorm ontvang: ____________________ Handtekening: ____________________

Kaartjienommers: ________________________________________

Leerder teken vir kaartjies: ________________________________________

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskoliere
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou.Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting **na fos@framesby.co.za** sal e-pos.

**NAAM EN VAN:** **NOOIENSVAN:**
**ID-NOMMER:**
**JAARTAL GEMATRIKULEER:**
**ADRES:** **PROVINSIE:**
**BEROEP:**
**TELEFOON:** **SELFOON NR:**
**E-POSADRES:**

**U inligting bly hoogs vertroulik.** Die rede hoekom ons u ID nommer benodig is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.

# FRAMESBY KLEREWINKEL




**DAAGLIKS OOP VAN 08:00 - 10:00**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

## ONS GESELS MET:

# KOBUS DE SWARDT EN JOHAN SWART

In 1973 stap 'n jong Jacobus Casparus de Swardt (Kobus) in standard 6 Framesby binne. Gereed om verder gevorm te word tot 'n man waarin baie mense later 'n enorme vertroue sou hê. In 1977 matriekuleer hy, min wetende dat nog 'n Framesby alumni en latere vennoot in dieselfde jaar gebore is. Johan Gideon Swart voeg hom in 1990 by die Framesby geskiedenis en matrikuleer in '94.

Beide ondergaan opleiding in aptekerswese in Port Elizabeth en beide vind na 'n klein ompad hul voete by Linton Grange Apteek; eers as intern-aptekers en daarna as volwaardige aptekers.

Linton Grange Apteek betaal al sedert 1958 bestaan. Sedert 2004 is dit 'n plek wat as te ware deur twee Framesby produkte beman word. Dit is 'n gemaklike plek waar elke "walk of life" sy stukkie "antwoord" oor gesondheidsorg kan kry. Dit is 'n familie-apteek, waar baie generasies al deurgestap het (party vanaf die heel begin).

Kobus is nog al die jare met Annelize getroud en het saam 'n dogter Ilze. Hulle het al grootouer-status so twee jaar delede bereik. Ten spyte van hul nuwe titel is hulle egter nog baie fiks op hul fietse.

Johan en sy vrou, Janine, is nog nie op daardie "vlak" nie, maar hul drie kinders is vir hulle 'n absolute seën en vreugde!

Linton Grange Apteek is daarop gemik om jou lewe 'n bietjie makliker te maak. Ons hou van opregte, wetenskaplik gebaseerde, gesonde aptekerswese. Ons vind eer daarin om jou vertroue te verdien en hierdie bande te koester






SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE NUUS:

## WILLIAM MOFFAT- SHIMLAS RUGBY

Baie geluk aan ons oudskolier, William Moffat, wat tot die UFS Shimlas-span verkies is. Hy neem dus deel aan die Varsity  Cup reeks en het in sy tweede wedstryd 'n mooi drie gedruk.






## JUANITA VAN TONDER- NMU NETBAL

Juanita is tans in die Elite Training Squad van Nelson Mandela Universiteit (NMU) opgeneem. Daar word sy deur die briljante Lana Krige afgerig. Juanita het alreeds van verlede jaar af tuis begin oefen en toe sy in Maart terug gekeer het kampus toe, kon hul weer saam as 'n span begin oefen het. Op die oomblik oefen sy tussen 18 en 20 ure 'n week (3 oefensessies per dag) met die oog daarop om reg te wees vir die USSA-toernooi (Universiteit Sport van Suid-Afrika)wat binnekort plaasvind . Tydens die meeste van die oefensessies, oefen elkeen met 'n hardklopmonitor om hul asemhaling te monitor en hul fiksheid in statistiek vir die afrigter te wys.




## TIAAN ERSKINE - ASA ATLETIEK

Oudleerder Tiaan Erskine het by die ASA-Atletiek-byeenkoms 'n 2de plek vir seuns o/18 hamergooi behaal.




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FOTOJAARBLAD 2020

Die fotojaarblad van 2020 is by die algemene kantoor teen R100.00 beskikbaar. Dit sluit ook 'n gedenkblad van die afgelope 50 jaar in. Indien u nie in PE woonagtig is nie en belangstel om 'n fotojaarblad te bestel, kan u vir mnr.Rauch 'n e-pos by wrauch@framesby.co.za stuur.



# OUDSKOLIERE BESIGHEDE:




**Ons bied 20% korting op sports massages vir skoliere**

**Kom ons ondersteun mekaar!**

**Stuur gerus jou besigheidskaartjie vir ons.**

**Enige nuus oor oudskoliere kan na mediasentrum@framesby.co.za ge-epos word.**

# UIT DIE ARGIEWE:




Framesby's SAMEUL ROBERTS clears the water hurdle on his way to winning the under-17 1 500 metres steeplechase at the Eastern Province junior championships today. His winning time was 4:23,7.



DIE belowende jong gholfspan van die Hoërskool Framesby wat vanjaar goed gevaar het in die Oostelike Provinsie se skoleliga is (van links): Renier Strydom, Charl Barnard, Hennie van Wyk en Rupert van Rooyen. Heel regs is die afrigter mnr. Francois Joubert.



ELDRID DE BEER van Framesby wat 'n byeenkomsrekord van 39,1 in die 300-hekkies vir seuns o.16 opgestel het by die OP-kampioenskappe vir hoër skole in die UPE-stadion.

Foto: Wilma Kemp

KADETTE van die Hoërskool Framesby in Port Elizabeth het diplomas van die Kommandement OP ontvang wat hulle in 'n oorlewingskursus verwerf het. Van hul offisiere het medaljes ontvang. Hier staan van links Nic van Weesel, Eric Stroebel (silwerdiplomas), maj. Johan Langner (silwermedalje vir 20 jaar getroue diens), kapt. Francois Jordaan, (bronsmedalje vir 10 jaar getroue diens), en mnr. Hennie Franzsen, superintendent van onderwys wat die oorhandigings gedoen het. Voor kniel Hedley Jonck (links, bronsdiploma) en Jaco Hugo met sy goue diploma.
**Foto: Deon Ferreira**




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE ARGIEWE:



DIÉ finale kontrak vir die bou van 'n nuwe paviljoen by die Hoërskool Framesby in Port Elizabeth is gister onderteken. Die paviljoen sal sowat R755 000 kos. Van links is mnre. Nico Terblanche, senior adjunk-hoof, Case van der Touw, voorsitter van die kapitaalfonds en lid van die skool se beheerraad, Le Roux Niemann, raadgewende ingenieur, en Mark Upman van die boukontrakteurs.
**Foto: Dean Ferreira**

## Framesby kry paviljoen van R¾ miljoen

BOUWERK aan 'n voldoende paviljoen van meer as 'n driekwartmiljoen rand is in volle gang by die Hoërskool Framesby in Port Elizabeth.

Mnr. Case van der Touw, voorsitter van die kapitaalfonds en lid van die skool se beheerraad, sê die paviljoen gaan in drie fases gebou word.

"Fase 1 behels die bou van die betonstruktuur en sal sowat R345 000 kos. In fase 2 sal die dak opgesit word en dit sal nog R110 000 kos. Die laaste fase kos R300 000. Dit behels 'n gimnasium, 'n pakkamer en toiletgeriewe onder die paviljoen," sê hy.

Hy sê die plan is om die eerste twee fases van die bouwerk reeds aan die begin van die rugbyseisoen teen Maart aanstaande jaar klaar te hê. Daarna sal bouwerk aan fase 3 begin en dit behoort teen einde aanstaande jaar voltooi te wees.

Daar sal sitplek vir sowat 1 200 mense op die nuwe paviljoen wees.

Mnr. Nico Terblanche, senior adjunk-hoof van die skool, sê die skool het reeds 1 139 leerlinge en 'n groot behoefte aan meer ruimte het ontstaan.


"Die skool het twee kore en daar is nie plek vir albei kore om gelyktydig te oefen nie. Daar word ook probleme ondervind wanneer twee klasse tegelykertyd liggaamlike opvoeding het.

"Die paviljoen sal nie net sitplek vir toeskouers by rugbywedstryde verskaf nie, maar [illegible] ook die ruimte kan voorsien wat ons dringend nodig het vir ander skoolbedrywighede."

Hy sê geld vir die bouwerk is bekom deur skenkings van verskillende instansies en oud-leerlinge asook deur geldinsamelingsprojekte deur ouers.



DIÉ Hoërskool Framesby het in die naweek behoorlik gesêvier op die jaarlikse atletiekbyeenkoms vir Port Elizabethse hoër skole wat by die UPE-stadion gehou is. Verjaar het hy selfs die gesogte ATKV-volksangbeker verower vir die beste eie Afrikaanse liedjie. Op die foto is die rasieleiers van links Morné Barnard, Jackie Schoeman, Colette Bekker en Rynera Barnard. Voor is Ronel du Preez. Elke keer as een van die skool se atlete 'n rekord in die slag laat bly het, is 'n langspeelplaat vernietig.



DIÉ trotse atlete het die afgelope naweek ná die atletiekbyeenkoms vir PE se hoër skole die bekers namens die onderskeie ouderdomsgroepe ontvang. Almal is van Framesby behalwe een en is (van links) voor: Jacques Meyburgh (seuns o.14), Greg Wood (Grey, seuns o.19), Schalk Oberholzer (seuns o.17). Tweede ry: Chanine Baites (meisies o.17), Maritza Steyn (meisies o.16), Arno Mulder en Sunelle Coetzer (spankapteins met die Hoofdebeker), Heidi Seyerling (meisies o.15 en ook beste vertoning deur 'n meisie), Karien Schön (meisies o.19). Derde ry: André Smit (Groottotaal seuns), Brian Emslie (beste vertoning deur 'n seun), Ronnie Fourie (seuns o.16), Elize Marais (Groottotaal meisies), Francois Neethling (seuns o.15), Chantel Corcoran (meisies o.14). Agter staan Jacques Ferreira met die aflosbeker. (Verslag op bl 11).



Framesby High School's Drama Society presents a home-grown pantomime this weekend. Some of the cast of *High Hopes* are: back row (from left), Theo Ferreira, as Marlin; Marelize Marx, as Grizelda; Gerard Joubert, as the Mayor, and Riaan Botha, as Mr Peabody. Front row (from left), Louise Ferreira, as Maggie; Ryno de Vos, as Ben the fisherman; the leading lady — Michelle du Plessis, as Christal; the leading actor — Rian Terblanche, as Robyn; Anton Bakker, as Munnybags and Anna-Marie Esterhuizen, as a beach girl. The pantomime was written by UPE Professor of Pharmacy, Terry McCarthy, almost three years ago. This is the first time that Framesby has put on an English musical. The public are encouraged to come and watch on Friday and Saturday at 7pm in the Framesby High School hall.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7
facebook


# ONS LAASTE ENGELSSPREKENDE MATRIEKS

Hoërskool Framesby het in 1966 as 'n dubbelmedium-hoërskool begin. In 1970 is Westering High School as 'n Engels-medium Hoërskool gestig en Engelsprekende leerlinge in die westelike voorstede moes daar inskryf. The matric class of 1973 was therefore the last group with both Afrikaans and English speaking learners.

Although Framesby High School proudly carries the torch for Afrikaans, we are extremely proud of our dual medium heritage and the wonderful contribution that the English speaking part of the Framesby family helped in laying the foundation on which we are still building today. We know for a fact that our English speaking alumni are very proud of their alma mater and have only the fondest memories of their time in Framesby.

The English speaking class of 1973 were Claire Baldwin, Eric Bosch, Maryke Bosch, Esme Botha, Louis Celetana, Andre Coetzee, Evanthia Evlambiou, Glenda Folley, Thalia Hajibey, Gavin Hustler, Laetitia Jannasch, Jeffrey Kirton, Pauline Klumper, Robert MacGeoghegan, Stephen Norton, Cheryl Robinson, Gary Swanepoel and Colleen Willard.

-Wynand Rauch


Maryke Bosch and Glenda Folley


Pauline Klumper, Laetitia Jannasch, Thalia Hajibey and Colleen Willard.


Cheryl Robinson and Evy Evlambiou


Typing and Shorthand teacher: Beverly Longhurst


'AWAKE-IN' HELPS PE SCHOOL



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# Hoërskool Framesby

(Afrikaansmedium)

## POS 1:
## AFRIKAANS HUISTAAL GR. 8 - 12

## POS 2:
## WISKUNDE GR. 8 - 12

### Onderwyspos (Beheerliggaam)

- Meld bykomende vakke.
- Meld buitemuurse bedrywighede.
- Diensaanvaarding: 10 Julie 2021
- Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 April 2021
- Slegs persone wat vir onderhoude genooi word, sal gekontak word.
- Die Beheerliggaam hou hom die reg voor om nie die poste te vul nie.
- Volledige aansoeke en CV's aan:

  Die Hoof<br>
  Mnr. Marius Germishuys<br>
  Posbus 28065<br>
  Sunridgepark<br>
  Port Elizabeth<br>
  6008

Tel : 041-360 1257 | Faks : 041-360 7787

Epos: skoolhoof@framesby.co.za

# Sopranoice
Pretty.Cool.

Alma Lasers™




## Virtually painless laser hair removal

Proven safety record

All skin colors

Tanned skin

Ask your OptiSkin practitioner today about Soprano ICE laser hair removal treatment.

www.painfreehairfree.com

# OptiSkin
*aesthetic skin and laser*

Shop 53 | Sunridge Village Shopping Centre | Kragga Kamma Rd | Sunridge Park
Tel: 060 682 9924 | www.optiskin.co.za

@ SUNRIDGE VILLAGE